
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW



BURGER 2012/12/29 Page: 10

AVE: R 17242.33




**Die jaar se oes aan voorste misdaadfiksie.** Foto: SHARIEF JAFFER

## MISDAADFIKSIE-OORSIG

# Riller-komplotte vol adrenalien in 'n skemerwêreld

**Jaarliks ontdek 'n mens skrywers wat weet hoe om raaisels te weef en lesers hul naels te laat kou. Mariana Malan kies haar tien voorste misdaadromans van 2012.**

***Bad Blood*** en ***Redemption Song*** deur Amanda Coetzee:

*Bad Blood* stel jou bekend aan die lewe van 'n geheimsinnige anti-held, Harry O'Connor, of Badger soos sy eie mense hom noem. Hy is 'n speurder in Londen, maar hy het tussen Ierse sigeuners grootgeword. 'n Mens verlustig jou in die nuwe kennis wat jy oor hierdie swerwers opdoen. Waar *Bad Blood* die tafel dek, plaas *Redemption Song* die kos op die tafel. En die leser kan lekker smul aan 'n nuwe stem in hierdie genre.

***The Lost Girls of Rome*** deur Donato Carrisi:

Carrisi se bekroonde, eerste misdaadroman, *The Whisperer*, was pure boosheid. Dit was ook baie interessant om 'n nuwe soort reeksmoordenaar te leer ken – een wat ander manipuleer om namens hom te moor. Sy tweede boek delf in die geheime van Rome se strate. 'n Jong meisie verdwyn, en twee lede van 'n geheime antieke broederskap ondersoek die saak. Hulle het bande met die Vatikaan en is opgelei om ware boosheid te identifiseer. Wanneer hulle saam met 'n briljante forensiese kenner werk, krap hulle ook 'n gevaarlike geheim oop.

***The Boy in the Snow*** deur M.J. McGrath:

Misdaadromans wat in ander lande afspeel, is telkens interessant, en hierdie een speel in Alaska af teen die agtergrond van die Iditarod-honderesies. Edie Kiglatuk is deel van haar gewese man se ondersteuningspan. Sy ontdek 'n babalyk in die sneeu in 'n woud. Die plaaslike inwoners wil die skuld op 'n Russiese sekte in die omgewing pak, maar Edie begin haar eie speurtog. Korrupte politici en smokkelhandel word oopgevlek. Ten spyte van die koue waarin alles afspeel, is dit 'n boek met 'n warm hart.

***Death of the Mantis*** deur Michael Stanley:

Kubu Bengu, 'n speurder van Botswana, ondersoek hierdie keer die dood van 'n veldwagter. Sy pad kruis met dié van 'n ou skoolvriend, Khumanego, 'n Boesman wat hom vir die regte van sy mense in die Kalahari beywer. Verskeie moorde word gepleeg om 'n geheim in die woestyn te bewaar. Die gebeure word deurweef met die alledaagse lewe van die inwoners van die landstreek en met die speurder se eie klein gesinswêreld.

***Smokin' Seventeen*** deur Janet Evanovich:

Dat Stephanie Plum nou al haar 17de avontuur beleef, is 'n bewys dat aweregse humor floreer. Sy werk vir haar eienaardige neef vir wie sy misdadigers moet opspoor. Die probleem is dat sy net mooi alles verkeerd doen. Met behulp van 'n gewese prostituut, Lula, los sy tog altyd die sake op die vreemdste manier op. Voeg daarby haar eksentrieke gesin, twee begeerlike kêrels tussen wie sy nie kan kies nie, haar suikerverslawing en gewone onbeholpenheid, en jy het 'n hoofkarakter van wie jy net nie genoeg kan kry nie.

***The Top Prisoner of C-Max*** deur Wessel Ebersohn:

Dit is so lekker om keer op keer op met karakters te doen te kry wat 'n mens al in vorige romans leer ken het. Yudel Gordon is die aweregse held in verskeie van Ebersohn se boeke. Hy werk in die maksimum-sekuriteitafdeling (C-Max) van 'n tronk in Pretoria. Die karakters in hierdie afdeling is so na aan monsters as wat jy kan kry, en dit is interessant om te sien hoe Gordon hulle benader.

***Double Dexter*** deur Jeff Lindsay:

Soos met Quentin Tarantino se rolprente voel 'n mens effens verleë dat jy Lindsay se boeke geniet. Baie ander put ook genot uit sy grafiese geweld en pikswart humor, die bron van verskeie televisiereekse. Die held is Dexter Morgan, in sy naglewe 'n reeksmoordenaar. Maar hy maak net misdadigers dood wat eintlik agter tralies hoort.

Bedags is hy lid van die Miami-polisie. In hierdie boek kry hy te doen met 'n na-aper – met bloedige gevolge. Voeg daarby Dexter se totaal opgeblase selfbeeld en sy disfunksionele gesin, en jy het makabere leesplezier.

***The Lost Library*** deur A.M. Dean:

Vir die jong professor Emily Wess is die biblioteek in Alexandrië 'n teleurstelling. In plaas van derduisende boeke is daar leë rakke en rekenaars. Soos Emily, glo jy daar moet meer wees. In hierdie boek word sy na die ware skatte gelei.

Daar is ook ander wat na die werklike biblioteek van Alexandrië soek, en die jong professor vrees vir haar lewe wanneer sy die geheime help bewaar. Die boek herinner aan Dan Brown se verhale met hul ingewikkelde sameswerings, maar hierdie een is meer logies.

***Onse vaders*** deur Karin Brynard:

Soos met Brynard se eerste roman, *Plaasmoord*, wil jy dié boek nie neersit voordat dit klaar gelees is nie. Elke hoofstuk eindig op 'n naelkou-oomblik, en jy wil eenvoudig nie die spanningslyn verbreek nie.

Die aksie wissel van Stellenbosch waar 'n bekende vrou vermoor word, tot in Johannesburg met motorkapings en moeti-moorde. En inspekteur Albertus Beeslaar se derde avontuur is reeds geskep. Iets om na uit te sien.